higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N280**(A)**(J12)H

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# KOSTE- EN BESTUURSREKENINGKUNDE N6

(4010196)

**12 Junie 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

# DEPARTEMENT VAN HOëR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
KOSTE- EN BESTUURSREKENINGKUNDE N6
TYD: 3 URE
PUNTE: 200

---

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Toon AL die berekenings om punte te verdien.
3. Gebruik slegs swart of blou ink. Antwoorde in potlood sal nie nagesien word nie.
4. Rond die bedrae tot die naaste rand af.
5. Skryf netjies en leesbaar.

---

| VRAAGNOMMER | ONDERWERP | PUNTE | AANBEVOLE TYDSRIGLYN |
|---|---|---|---|
| 1 | Kortvrae (meerkeuse, pas die kolomme en kies die ontbrekende woord(e) | 50 | 30 |
| 2 | Taakkosteberekening | 30 | 30 |
| 3 | Kontrakkosteberekening | 30 | 30 |
| 4 | Standaardkosteberekening | 30 | 30 |
| 5 | Kostebeheer | 30 | 30 |
| 6 | Begrotings | 30 | 30 |
| | **TOTAAL** | **200** | **180 minute** |

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1

1.1 Wisdom Traders maak lipstiffies. Die volgende inligting is uit hulle rekords onttrek:

| | |
|---|---|
| Lipstiffies geproduseer | 800 eenhede |
| Aantal lipstiffies verkoop | 450 eenhede |
| Vaste koste | R1 900,00 |
| Veranderlike koste per eenheid | R3,25 |
| Totale verkope | R15 000,00 |

Bereken die volgende:

1.1.1 Totale veranderlike koste

1.1.2 Totale koste

1.1.3 Verkoopprys per eenheid

1.1.4 Totale koste indien 1 000 geproduseer word

(4 × 2) (8)

1.2 Die volgende inligting is uit die boeke van Clara Contractors onttrek:

| | |
|---|---|
| Ongesertifiseerde werk | 250 000 |
| Gesertifiseerde werk | 4 500 000 |
| Kontrakprys | 5 400 000 |
| Ekstras | 600 000 |
| Retensiegeld | 500 000 |

1.2.1 Hoeveel sal die bedrag van gesertifiseerde werk wees by voltooiing van die kontrak? (3)

1.2.2 Hoeveel is die kontant wat ontvang is? (3)

1.2.3 Verduidelik kortliks die verskil tussen gesertifiseerde en ongesertifiseerde werk. (6)

1.2.4 Gee 'n definisie van die term *retensiegeld*. (3)

1.3 Kies 'n item/woord uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOMB |
|---|---|
| 1.3.1 Uitreiking van direkte materiaal aan produksie | A DT toegedeelde bokoste<br>KT vervaardiging |
| 1.3.2 Kontantaankope van indirekte materiaal | B DT voltooide goedere<br>KT produksie |
| 1.3.3 Onderverhaling van vervaardigingsbokoste | C DT vervaardigingsbokoste<br>KT materiaalkontrole |
| 1.3.4 Werklike vervaardigingsbokoste oorgeplaas na vervaardigingsbokoste-kontrole | D DT produksiekontrole<br>KT materiaalkontrole |
| 1.3.5 Indirekte materiaal uitgereik aan produksie | E DT materiaal<br>KT bank |

(5 × 2) (10)

1.4 Budeli Burgers het jou van die volgende inligting voorsien:

Die begrote vaste bokoste vir die jaar is R7 000, gegrond op 700 uur.

| | **BEGROOT** | **WERKLIK** |
|---|---|---|
| Vaste bokoste | | R7 250 |
| Ure gewerk | 600 | 650 |

Standaardure toegelaat: 580

Bereken die volgende en noem die aard van die afwyking:

1.4.1 Vastebokoste-uitgawe-afwyking (3)

1.4.2 Vastebokoste-volume-afwyking (4)

1.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.5.1 In 'n verkoopsbegroting word die totale beraamde randwaarde van verkope bereken deur die verkoopprys per eenheid met die aantal materiale wat aangekoop moet word, te vermenigvuldig.

1.5.2 'n Verlies op die verkoop van vaste bates sal die kontantbegroting beïnvloed.

1.5.3 Kapitaalbegroting behels 'n verbintenis van fondse in die toekoms ten einde opbrengste in die hede te ontvang.

1.5.4 Deur middel van begroting van die verhouding tussen beplande wins en beplande toedeling van kapitaal bepaal word.

1.5.5 Begrotings help die bestuur om hul doelwitte te bereik.

(5 × 2) (10)
**[50]**

**VRAAG 2**

Die volgende inligting is 'n uittreksel uit die boeke van Budeli Bpk. Hulle vervaardig dameshandsakke en gebruik twee tipes grondstowwe (materiaal), naamlik leer en ritssluiters.

Gedurende hulle finansiële jaar, wat op 28 Februarie eindig, was hulle besig met Taak no 130 en Taak no131.

Taak no 131 is in Februarie 2016 begin, terwyl Taak 130 voltooi en gefaktureer is teen 20% op kosprys.

Saldo's:

| **Saldo's 1 Februarie 2016** | **R** |
|---|---|
| Grondstofkontrolerekening: | |
| Leer | 26 000 |
| Ritssluiters | 20 000 |
| Voltooide goedere | 256 000 |
| Kostegrootboek: Taak 130 | 30 000 |
| | |
| **Uitgawes aangegaan gedurende die jaar:** | |
| Grondstofaankope: | |
| Leer | 100 000 |
| Ritssluiters | 80 000 |
| Uitreikings: Taak 130: | |
| Leer | 36 000 |
| Ritssluiters | 30 000 |
| Uitreikings: Taak 131: | |
| Leer | 34 000 |
| Ritssluiters | 30 000 |
| Arbeidsure gewerk vir Taak 131 is 3 000 uur teen R20 per uur | |
| Arbeidsure gewerk vir Taak 130 is 2 000 uur teen R22 per uur | |
| Werklike bokoste | 110 500 |
| Verkoops- en administratiewe koste vir Taak 130 | 64 000 |
| | |

Bykomende inligting:

Budeli Bpk deel hul bokoste teen 100% van direkte arbeidskoste toe.

Verlang:

2.1 Teken die bogenoemde transaksies in die volgende Grootboekrekening van Budeli Bpk aan:

2.1.1 Produksiekontrolerekening (10)

2.1.2 Grondstofkontrolerekening (4)

2.1.3 Vervaardigingsbokosterekening (4)

2.1.4 Toegedeeldebokoste-rekening (2)

2.1.5 Voltooidegoedere-rekening (2)

2.2 Berei die taakkosteberekeningstaat vir die voltooide taak op om sy verkoopprys aan te dui. (8)

**[30]**

**VRAAG 3**

Die volgende inligting is onttrek uit die boeke van Bathupele Contractors vir die jaar geëindig 31 Desember 2016.

| | **R** |
|---|---|
| Kontrakprys | 10 000 000 |
| Gesertifiseerde werk | 1 500 000 |
| Ongesertifiseerde werk | 950 000 |
| Materiaal oorgeplaas na ander kontrak | 45 000 |
| Lone | 600 000 |
| Materiaal uitgereik | 550 000 |
| Masjinerie 31/12/15 | 265 000 |
| Materiaal voorhande 31/12/16 | 15 500 |
| Masjinerie 31/12/16 | 260 000 |
| Ekstras | 105 000 |
| Totale verwagte koste | 8 900 000 |
| Kontant ontvang | 1 600 000 |
| Materiaal teruggestuur aan verskaffers | 12 500 |
| Subkontrakteurs | 60 000 |
| Voorsiening vir verborge gebreke | 25% van wins |
| | |

3.1 Berei die kontrakrekening voor vir Bathupele Contractors. (15)

3.2 Bereken die totale beraamde wins. (2)

3.3 Bereken die wins vir die jaar vir Buphelo Contractors aan die hand van die volgende formule. Toon al jou berekenings. (% van voltooiing word op gesertifiseerdewerk-basis bereken.)

$$\% \text{ Voltooiing} \times \frac{\text{Beraamde wins}}{1} \times \frac{\text{Kontant ontvang}}{\text{Gesertifiseerde werk}}$$ (10)

3.4 Bereken die totale grondstowwe/materiaal gebruik. (6 × ½) (3)
**[30]**

**VRAAG 4**

Kennedy Junior Bpk maak skooluniforms vir al die plaaslike skole in hul omgewing.

Hulle het jou van die volgende inligting voorsien:

Standaardinligting:

Die volgende word gebruik om een skoolrok te maak:

- 5 meter materiaal teen 'n standaardkoste van R45,00 per meter
- 3 uur en 30 minute se arbeid teen R35 per uur

Werklike inligting:

Teen die einde van Mei 2016 is 15 000 meter materiaal uitgereik, teen 'n totale prys van R600 000.

1 500 skoolrokke is gemaak deur 8 000 meter materiaal te gebruik.

4 250 arbeidsure is geklok teen 'n totale koste van R165 750

Vaste bokoste: R?

Veranderlike bokoste: R28 200

Begrote inligting was soos volg:

Vaste bokoste: R15 000

Veranderlike bokoste: R30 000

Arbeidsure: 4 500

**Verlang:**

Bereken die volgende afwykings (dui aan of elke afwysing gunstig of ongunstig is):

4.1 Prys van materiaal (5)

4.2 Hoeveelheid materiaal (5)

4.3 Arbeidstarief (5)

4.4 Arbeidsdoeltreffendheid (5)

4.5 Indien die vastebokoste-uitgawe-afwyking 'n ongunstige afwyking van R2 500 is, hoeveel is die werklike vaste bokoste? (5)

4.6 Gee TWEE redes waarom die afwyking in arbeidsdoeltreffendheid ongunstig kan wees. (4)

4.7 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

Ongunstige afwyking is wanneer die werklike koste minder as die standaard-koste is. (1)

**[30]**

**VRAAG 5**

5.1 Die volgende inligting verskyn in die boeke van Banjeli Manufacturers:

| | |
|---|---|
| Verkope vir die jaar | 14 500 eenhede @ R30,00 per eenheid |
| **Vaste koste:** | |
| Fabrieks- vaste bokoste | R60 000,00 |
| Vaste verkoops- en administratiewe koste | R45 000,00 |
| Veranderlike koste per eenheid | R20,00 |

**Verlang:**

Bereken die volgende:

5.1.1 Gelykbreekhoeveelheid (3)

5.1.2 Gelykbreekwaarde (3)

5.1.3 Veiligheidsmarge in verhouding (3)

5.1.4 Wins (3)

5.1.5 Gebruik die inligting wat jy hier bo in VRAAG 5.1.1 tot 5.1.4 bereken het om die gelykbreekgrafiek te teken, en benoem dit. (7)

5.2 Sollys Bpk vervaardig tafels en stoele. Die inligting wat verskaf word, is 'n uittreksel uit hul rekeningkundige rekords gedurende die jaar geëindig 30 Junie 2016.

Stel die inkomstestaat vir Sollys Bpk op vir die jaar geëindig 30 Junie 2016 deur die Direkte Metode te gebruik.

| | |
|---|---|
| Direkte materiaal | R80 000 |
| Direkte arbeid | R65 000 |
| Vaste vervaardigingsbokoste | R45 000 |
| Veranderlike vervaardigingsbokoste | R20 000 |
| Verkoopskoste (35% vaste) | R60 000 |
| Administratiewe koste (80% veranderlik) | R40 000 |
| Aantal eenhede verkoop | 800 eenhede @ R1 500,00 per stel |

(11)
**[30]**

**VRAAG 6**

Luthando Poultry Farm het jou van die volgende inligting voorsien:

| | **MAART** | **APRIL** | **MEI** | **JUNIE** |
|---|---|---|---|---|
| Totale verkope | 250 000 | 280 000 | ? | ? |
| Aankope | 105 000 | 120 000 | 125 500 | 138 000 |
| Diverse uitgawes | 13 500 | 13 500 | 13 500 | 13 500 |
| Lone | 9 000 | 9 000 | 9 000 | 9 000 |

Bykomende inligting:

A. 60% van alle verkope is op krediet.

B. Verkoopsyfers sal na verwagting vanaf 1 Mei 2016 met 10% per maand styg.

C. 50% van alle aankope is kontant, en alle krediteure word 30 dae ná aankope betaal.

D.
- 50% een maand ná die transaksie
- 35% twee maande ná die transaksie
- 10% drie maande ná die transaksie
- 5% word as slegte skuld afgeskryf

E. Diverse uitgawes, insluitend waardevermindering, van R1 500 per maand.

F. Die bank het op 30 April 2016 'n ongunstige saldo van R35 000 gehad.

**Verlang**:

6.1 Stel die debiteure-invorderingskedule op vir Mei en Junie. (5)

6.2 Stel die kontantbegrotings vir Mei en Junie op. (17)

6.3 Bereken die slegte skuld vanaf Maart tot Junie. (8)
**[30]**

**TOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou